**Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging**
Soutpansberg

**NOTULE VAN TAKVERGADERING 6 Maart 2019**
**GEHOU TE FRANSIE VERMAAK SAAL (LTT)**

1. **OPENING, VERWELKOMING EN ORDE REËLINGS**
   1.1. Charles verwelkom al die lede en nie-lede
   1.2. Kalenders is nog beskikbaar

2. **PRESENSIE, BYWONING EN VERSKONINGS**

   2.1. Verskonings:
   Len van der Walt & Minette, Ben & Jeanette van der Merwe, Monique Rademeyer, Marius Botha & gesin, Corrie Steenkamp & gesin, Willem van der Merwe Snr, Pieter Conhen, Jacques Bouwer, Harvey Wright, Ansu & Piet van Staden, Hannes Dafel, Coenie & Lenie Burger, Johan & Johanie Holtshauzen, Pieter Bonnema, Grant Purdon, Greg Leach, Kobus Tredoux, MJ Erasmus, Nada Stegman, Tappies, Lezhan & Marie du Toit, Michiel Roos, Theo Lordan, Mate Ugrin, Marko Voight en Johan van Zyl

3. **MOSIES (LIEF EN LEED)**

   3.1. Almal wat verjaar het sedert laaste vergadering tot nou word hartlik geluk gewens.
   3.2 . Tappies du Toit was in 'n ongeluk, sterkte aan hom en sy gesin
   3.2. Oom Willem Opperman is weer opgeneem, sterkte aan hom en sy gesin
   3.3. Tiny Rademeyer met skietprestasie word gelukgewens
   3.4. Neil Stegman wat onlangs getroud is word gelukgewens

4. **KONSTITUERING**
   Kworum van lede is teenwoordig en die vergadering word wettig verklaar.

5. **DOELSTELLINGS**

   *Om kennis op te doen van die wild- en natuurlewe.*

   *Om met ander organisasies en instansies saam te werk wat dieselfde, en soortegelyke doelwitte nastreef as hierdie Vereniging en in die algemeen alles te doen wat bevorderlik is vir die bewaring, beskerming, aanvulling en volhoubare benutting van die wild- en natuurlewe in die algemeen.*

   *Om die jag van wild op selektiewe, oordeelkundige en etiese wyse in die algemeen te bevorder en niks te doen of toe te laat wat strydig is met enige landswet, of ordonnansie met betrekking tot wildbewaring en natuurlewe in die algemeen nie.*

   *Die Vereniging is 'n nie-wins Organisasie.*

   *Die Vereniging is 'n nie-politieke Organisasie en het geen politieke affiliasie nie.*

*Om ons kultuurerfenis van jag- en jagwapens te behou en enige bedreiging daarteen ten sterkste teen te staan. Om hierdie kultuur van jag- en jagwapens aktief uit te leef, te bevorder en uit te brei, veral onder die jeug. Om deel te wees, volgens keuse, van enige verteenwoordigende verkose liggaam, organisasie of vereniging wat op 'n gekoördineerde wyse hierdie jag- en jagwapenkultuur beskerm en uitdra.*

**6. VASSTELLING VAN AANVULLENDE SAKELYS (Toevoegings tot Agenda)**

6.1. Buffelbesoek by Rudi Heinlein – die buffel is nie 'n uitskieter nie – daar was geen belangstelling van mense wat die buffels sou wou gaan besoek het nie

**7. GOEDKEURING VAN NOTULES**

7.1. Vorige vergaderings se notules is per e-pos aangestuur - aanvaar

**8. GOEDKEURING VAN NUWE-LEDE, LEDE WYSIGINGS, TOEGEWYDE JAGTERS EN/OF SPORTSKUTS**

8.1 Nuwe lede: E Lubbe Jnr, E Prinsloo Jnr, Lian Prinsloo, Gideon Taljaart, Tonie Burchell, Ockert de Lange, Magelene

8.2 Toegewyde jagters vir goedkeuring – Oorstaan tot volgende vergadering

8.3 Toegewyde sportskiet toegeken – Oorstaan tot volgende vergadering

**9. WYSIGING/BEDANKING/KOÖPTERING VAN VORIGE BESTUURSLEDE**

9.1. Geen bedankings
9.2. Oproep is ontvang van 'n persoon wat sal wil help op bestuur. Charles sal met hom verder praat

**10. SAKE VOORTSPRUITEND**

10.1 Buffels was reeds bespreek

**11. IMPALA / SKAKELBEAMPTE NUUSBRIEWE EN SUB REDAKSIE**

11.1 Die Impala Nuusbrief : Marié ontvang 'n paar “whatsapps” en e-posse maar het nog inligting/stories nodig
11.2 Volgende uitgawe – April 2019 en word elektronies uitgestuur

**12. KORRESPONDENSIE**

Indien 'n lid geen korrespondensie ontvang nie – praat asb. met Tannie Lia

**13. OPLEIDING**

13.1. Junior kursusse: 7 seuns word na Musina gestuur vir Junior 1 & 2 om gratis 'n rooibok te skiet.
13.2. CHASA Senior Toegewyde Jagter Kursus: Tree asb. met Len in verbinding

## 14. TROFEEMETING

14.1. Inskryf van trofees word by Oom Jannie gedoen of Oom Johan

## 15. FONDSINSAMELING

15.1. Eland jag pakket – sal aan die einde van die aand hanteer word
15.2. Charles bedank almal wat deel was van die fondsinsameling, vir al vir Gerald en Donovan
15.3. Gelukkige trekker sal voor die jagseisoen moet gaan skiet

## 16. SKIET , SKIETBAAN en SKIET TAAKSPAN

16.1. Datum van volgende skiet taakspan vergadering:
16.2. Terugvoer Chasa skiet Ampie: 10 skuts het opgedaag
16.3. 16 Maart 2019 Skut van Jaar – plek sal nog bevestig word

## 17. FINANSIES en LEDEWERWING

17.1. Was nie bespreek nie

## 18. SAKE VIR BESPREKING (NUWE SAKE)

18.1. Eland Trekking:
- 18.1.1 279 Kaartjies is verkoop en gevolglik is daar net 1 eland trekking.
- 18.1.2 Oom Retief Redelinghuys hanteer die trekking.
- 18.1.3 Gerald en Donovan Marallich het verseker al 279 kaartjies is in die trekking doos.
- 18.1.4 Wenner van die gelukkige trekking is Hendrik Bonnema

## 19. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING

Volgende Tak vergadering is op <u>3 April 2019 - Algemene Jaar Vergadering</u>.

## 20. AFSLUITING

Charles sluit af met gebed